

Woensdag 31 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 27

Fokusgedeelte: Levitikus 27:13
(1983-vertaling)

Losgekoop!

Die boek Levitikus eindig in hoofstuk 27 met allerlei loskoopvoorwaardes. Wanneer iemand vrywillig 'n besitting aan die Here gegee het, kon hy die besitting ook loskoop. Dit beteken hy kon, as hy wou, eerder geld gee as wat hy die besitting gee. As iemand 'n dier aan die Here gewy het, maar hy wou liever die dier hou, dan kon hy dit doen deur die dier se geldwaarde plus twintig persent aan die priester te betaal. So kon die tempel in stand gehou word met die offergawes.

Alle offers en seremonies en bepalings in die Ou Testament het vooruit gewys na Jesus Christus. Hebreërs 10:1 sê byvoorbeeld al die offers maar net 'n skadubeeld was van die weldade wat sou kom. Hebreërs 10:10 herinner ons dan daaraan dat Jesus Homself eens en vir altyd vir ons geoffer het. En 1 Petrus 1:19 herinner ons daaraan dat ons ook, met die bloed van Jesus Christus, losgekoop is!

Om beeldspraak te gebruik: Ons het onself aan Satan belowe met ons sonde. Ons het onself aan hom toegewy. Maar God het ons losgekoop en die losprys was die bloed van sy Seun! Ons is eens en vir altyd losgekoop, daarom hoef ons nie meer offers aan die Here te bring soos in die Ou Testament nie. Nee, ons kan onself nou as lewende offers van dankbaarheid aan die Here wy! (Rom. 12:1). Ons kan vir God lewe omdat Jesus Christus vir ons gesterf het en ons kan saam met die hemelkoor Hom toesing: "U is waardig ... omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer" (Op. 5:9, 10).

Sing: Skrifberyming 8:1, 2

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)